Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 19 November 2020

Gedagte van die week:
As jy aan my wil goed doen, doen goed aan my kinders. As jy my wil seermaak, maak my kinders seer. Dit geld vir God en mens.

Vertrekpunt:
Matteus 25:31-46

Meditasie uit die teks:
Selfsugtige en selfbehepte gelowiges loop gevaar om met die lees van hierdie teks 'n vreesaanjaende hemel-en-hel teologie te ontwerp. Dit is alles behalwe die bedoeling van hierdie teks. Die teks wil na my verstaan ons net een ding leer: **wat jy met mense doen is wat jy met God doen**. Die teks wil na my verstaan ons ook leer dat wanneer 'n mens dit verstaan, en uitleef, jy 'n geseënde mens is. Dan is jy inderdaad soos Abraham, geseën om te seën. So as jy hierdie teks lees en dit laat jou met 'n donker skuldgevoel of 'n swaarmoedigheid of 'n moedeloosheid of met vrees vir daardie verskriklike laaste oordeel, dan mis jy die punt. Jesus nooi ons hier uit na 'n wonderlike manier van lewe …. 'n lewe met oop oë, oop ore, oop hande en oop harte! 'n Geseënde mens se opstaangebed is, "ek wonder wie U vandag op my pad gaan stuur vir wie ek dalk iets kan beteken". 'n Vervloekte mens se opstaangebed is, "ek hoop nie U stuur vandag iemand op my pad nie …" 'n Geseënde mens leef met 'n openheid na ander, 'n vervloekte mens leef met geslotenheid. Die geseënde oop mens skep hemel vir haarself en ander. Die vervloekte geslote mens skep hel vir haarself en ander.

Youtubeskakel:
Ons gaan voorlopig voort met ons Youtube-uitsendings. Jy sal een of ander tyd op Sondag, na afloop van ons reisgesprek by die kerkgebou, via whatsapp 'n Youtube-skakel ontvang.

Meditasie uit die lewe:
Dit is interessant hoe mense reageer op skokkende gebeure. Wat my die minste help in sulke oomblikke is wanneer mense histeries reageer en buitengewone aksies neem. Saam met dit gaan soms ontstellende en onverantwoordelike spekulasies en teorieë oor wat tog aanleiding kon gegee het tot die gebeure. Ek verkies om in sulke tye te skuil by iemand met 'n gesonde teologie wat oor jare gevorm is, wat nie reaktief leef nie, maar pro-aktief. Ek verkies om te gaan skuil in 'n geloofsgemeenskap waar daar oor jare, dag na dag, gesonde en konsekwente geloofsbegrip- en waardes geleer word. Ek verkies 'n versigtige en eerbiedige stilte wanneer die lewe my stormloop. Wanneer die lewe buitengewone uitdagings na my kant toe gooi, dan hou ek vas aan my gewone daaglikse geloof en vermy ek histeriese plekke en mense. En ek lees Psalm 131 oor en oor en oor. Ek fluister dit maar net in jou oor vir in geval, welwetend dat ek sommer more getoets kan word.

Huwelikseminaar
Theuns Stofberg, die oud-Sprinkbokkaptein, is 'n Imago-verhoudingsterapeut. Hy bied die laaste naweek van November 2020 'n huweliksverrykingseminaar aan te Stellenbosch. Dit sal duur van die Vrydagmiddag tot die Sondagmiddag om 12:00. Vir R 3500 kry jy twee nagte se huisvesting, ontbyt en aandete. Sy telefoonnommer waar jy kan bespreek is 082 213 6726. Maak gerus hiervan gebruik. Ek kry positiewe terugvoer van mense wat hom besoek het.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net